# Hoe volwassenes vroeë taal- en geletterdheidsontwikkeling kan ondersteun



### Praat en luister

Kinders leer woorde en kommunikasie deur te brabbel, te praat, te luister en deur ander mense gehoor te word.

*Vind uit waarin 'n baba of kind belangstel en reageer met kommentaar, vrae en deur aandagtig te luister. Dink hardop en praat oor dit waarmee jy besig is.*



### Help kinders speel

Speel is pret en is die natuurlikste manier waarop kinders leer. Kamma-spel is veral 'n goeie manier vir kinders om hulle taal te ontwikkel.

*Moedig kinders aan om te speel en laat hulle leiding neem in hul speletjies. Gee hulle eenvoudige items soos 'n hoed of kartondoos om kamma-spel aan te moedig. Stel nuwe woorde en idees aan hulle voor terwyl jy saamspeel.*



### Geniet stories en boeke

Storievertelling en stories lees, skep baie leergeleenthede, omdat kinders nuwe woorde hoor, meer uitvind oor hul wêreld en gesels oor wat aangaan.

*Betrek kinders aktief by die storievertelling deur dit ook 'n tyd van gesprekvoering te maak. Verwelkom hulle kommentaar en help hulle om die storie met hulle eie lewens in verband te bring en daaroor te dink.*



### Geniet liedjies en rympies

Kinders is lief vir beweging en musiek. Liedjies en aksierympies is prettige maniere waarop jong kinders hulself kan uitdruk en waar hulle nuwe woorde kan hoor en gebruik.

*Sing gereeld liedjies en doen aksierympies – selfs baie jong kinders sal begin deelneem deur die aksies vir hul gunsteling liedjie na te maak.*




### Wys gedrukte skrif uit

Wanneer kinders gedrukte skrif om hulle oplet, begin hulle besef dat dit spraak is wat neergeskryf is. Kinders is gretig om te probeer skryf sodra hulle besef waarvoor dit gebruik word.

*Wys die woorde op etikette en tekens en in storieboeke uit en moedig hulle aan as hulle probeer om dit te 'lees'. Help hulle om letters rondom hulle op te let, veral die eerste letter van hul naam.*



### Ondersteun teken en krabbel

Kinders geniet dit om te teken en verf. Teken is 'n manier om dit wat ons om ons sien, asook dit waaraan ons dink, voor te stel. Dit werk op dieselfde manier as skryf.

*Help kinders om op te let hoe dinge lyk en moedig hulle aan om te teken wat hulle sien. Vra hulle uit oor hulle sketse en moedig hulle deurgaans aan.*




### Moedig vroeë skryfwerk aan

Kinders se eerste pogings om te skryf mag na 'n gekrabbel en gekrap lyk. Dis belangrik dat volwassenes hierdie eerste skryfpogings aanmoedig en nie korrigeer nie.

*Laat kinders jou sien skryf en skryf hulle woorde vir hulle neer. Gee vir hulle materiaal sodat hulle kamma-skryf by hul speletjies kan insluit. Help hulle om hul naam te skryf.*

# Ontwikkel jong lesers en skrywers




*Die takke toon die verskillend vaardighede en begrip wat kinders nodig het om lesers en skrywers te word. Hierdie vaardighede ontwikkel lank voor hulle skool toe gaan.*

**Woordeskat en begrip** beteken dat kinders woorde en sinne verstaan en gebruik.
**Vertelling en beskrywing** beteken dat kinders taal kan gebruik om stories te vertel, dinge kan beskryf en verduidelik.
**Genot van boeke** beteken dat kinders boeke as beide bruikbaar en genotvol beskou.
**Bewus van gedrukte skrif** beteken kinders verstaan dat geskrewe werk spraak is wat neergeskryf is.
**Teken en skryf** beteken dat kinders tekeninge, krabbels en kamma-skryf gebruik om dinge voor te stel.
**Kennis van letters** beteken dat kinders sommige letters kan herken en skryf.
**Bewus van klanke in woorde** beteken dat kinders die verskillende klanke waaruit woorde bestaan, kan hoor.

*Die stam toon die vaardighede vir ontwikkeling en leer.*

Ten einde goeie leerders te word, het kinders nodig om sekere belangrike vaardighede te hê. Dit sluit in die vermoë om te konsentreer, om hul denke aan te pas, om verskillende stukkies inligting in gedagte te hou en om hul impulse te beheer.

Versorgers kan kinders help om gefokus te bly deur seker te maak dat die aktiwiteit die regte moeilikheidsvlak het, of om 'n taak te modelleer. Versorgers help met belangrike breinontwikkeling as hulle kinders aanmoedig om vooruit te dink, te reflekteer en verskillende benaderings te oorweeg. As kinders aangemoedig word, leer hulle om aan te hou en sal hulle entoesiastiese leerders word!

*Die wortels toon hoe die kinders leer.* Wanneer kinders die geleentheid gebied word om hierdie dinge te doen, is die leerproses pret en relevant vir hulle wêreld. Dit beteken dat hulle meer geneig sal wees om dit wat hulle geleer het te onthou en gebruik.

Wordworks

A2 AdvocasyPoster_A.indd 1
2015/07/14 10:53 AM

# Gesels, speel en leer saam

Ter ondersteuning van vroeë taal- en geletterdheidsontwikkeling: 'n Gids vir Vroeë Kinderjare Ontwikkeling (VKO/ECD) praktisyns en ouers

Kinders word gebore met die drang om te leer en selfs klein babatjies gebruik hulle sintuie om die wêreld om hulle te verken. Kinders se ontwikkeling tydens hierdie vroeë fase is belangrik, aangesien dit aan hulle die boustene vir latere ontwikkeling en welsyn, verskaf.

Ouers en VKO praktisyns is kinders se eerste onderwysers en leermeesters. Hoewel babas en jong kinders sommige dinge op hul eie kan ontdek, het hulle warm en simpatieke verhoudings nodig ten einde te leer en te ontwikkel.

Koesterende verhoudings ondersteun taalontwikkeling en taal is belangrik vir vroeë geletterdheid. Om te leer lees en skryf verg ook ander vaardighede en begrip. Daarom het kinders geleenthede nodig om dit te ontwikkel voor hulle skool toe gaan. Daar is baie dinge wat versorgers kan doen om hiermee te help. Hierdie gids voorsien 'n paar wenke en idees in dié verband.

## Hoekom maak dit saak?



Babas begin om te leer en kommunikeer van die oomblik van geboorte af, en selfs voor hulle begin praat.

Kinders het taal nodig om sterk verhoudings te vorm en sin van hulle wêreld te maak. Taal is ook die platform vir alle vorme van geleerdheid en kennis.

Selfs voor hulle met skool begin, verkry kinders verskillende vaardighede en begrippe wat hulle help om goeie lesers en skrywers te word.

Kinders wat Graad R met kern vroeë taal- en geletterdheidsvaardighede begin, is meer geneig om goed te vaar op skool.

**Versorgers kan 'n groot verskil maak deur in hul moedertaal met jong kinders te gesels en speel en deur stories en boeke met hulle te deel.**

Geskryf deur Rebecca Hickman, met Shelley O'Carroll en Brigid Comrie.
Met ruimhartige ondersteuning van die DG Murray Trust.

Wordworks

# Ek groei, ek leer, ek praat

### Geboorte tot 18 maande

- Ek probeer op verskeie maniere kommunikeer deur geluide en gebare te gebruik.
- Ek hou daarvan om te luister as jy gesels en hou jou gesig deurgaans dop.
- Ek herken sekere woorde en frases.
- Ek geniet repiterende speletjies en liedjies, veral as hulle aksies ook by het.



### 1 en 2 -jariges

- Ek probeer sommige woorde en selfs kort frases sê.
- Ek raak gefrustreerd as jy nie na my luister nie of my nie verstaan nie.
- Ek leer baie vinnig nuwe woorde, selfs al kan ek hulle nie almal sê nie.
- Ek geniet liedjies en aksierympies.



### 2 en 3 -jariges

- Ek kan baie woorde sê en begin langer sinne gebruik.
- Ek vind sommige klanke dalk nog moeilik om reg uit te spreek.
- Ek geniet gesprekke met volwassenes wat ek goed ken.
- Ek vra vrae om my te help om goed uit te vind.
- Ek geniet dit baie om in boeke te kyk en oor die prente te gesels.



### 3 en 4 -jariges

- Ek kan taamlike ingewikkelde sinne sê en verstaan.
- Ek gebruik my spraak om met ander kinders te speel.
- Ek kan gesels oor wat ek gedoen het, of wat ek beplan om te doen.
- Ek vra baie 'hoekom' vrae.
- Ek kan na langer stories luister en oor die stories gesels.



### 4 en 5 -jariges


- Ek neem aan langer gesprekke deel.
- Ek kan my behoeftes uitdruk en met ander saamwerk.
- Ek gebruik taal om my te help om te dink en dinge uit te pluis.
- Ek verbeter ten opsigte van my luistervermoë en om my aandag by iets te bepaal.
- Ek geniet dit om boeke met ander te deel, vrae te vra en te maak of ek lees.




Kinders ontwikkel teen verskillende tempo's en op verskillende maniere. Sommige kinders kan die dinge hierbo genoem, vroeër of later baasraak. Indien jy bekommerd is oor die kind in jou sorg, raadpleeg 'n maatskaplike werker, gesondheidsbesoeker of kliniek.

Wordworks

# Hoe kinders leer




Deur te praat en te luister




Deur te speel



Deur stories en boeke te geniet



Deur deelname



Deur verkenning



Deur sang en beweging



Oral, altyd...

Wordworks

'Dis interessant. Wat het jy toe gedoen?'

## Geselswenke

- Wanneer jy met kinders praat, kyk na hulle, buk af tot op hulle hoogte en gebruik hulle name.
- Reageer altyd op babas se brabbeltaal en kinders se geselsies.
- Luister aandagtig, gee kinders kans om klaar te praat en maak beurte om te praat.
- Dink hardop en praat oor dit waarmee jy besig is.
- Vra kinders vrae wat antwoorde van meer as een of twee woorde vereis.
- Gesels met kinders oor hulle speletjies en idees.
- Stel nuwe woorde en idees bekend deur uit te brei op wat die kind gesê het.
- Volg die kind se belangstellings en lewer kommentaar op hulle aksies.

'Jy's doodreg, dis 'n voël. Hy vlieg in die lug.'

## Waarom kinders gekoester moet voel

Liefdevolle verhoudings is die hoeksteen van alle geleerdheid. Wanneer kinders versorg en veilig voel, ontwikkel hulle breine beter. Kinders wat goed voel oor hulself, word goeie leerders. Hulle is boonop ook gelukkiger, maak makliker vriende en kan probleme beter hanteer. Deur dus bloot aandag aan hulle te skenk, hulle aan te moedig en vriendelik en gaaf teenoor hulle op te tree, speel jy 'n sentrale rol in kinders se ontwikkeling en geleerdheid.

'Wat laat jou vandag gelukkig voel?'

'Hoekom dink jy het sy dit gedoen?' 'Wat dink jy gaan volgende gebeur?'

## Storietyd idees

- Probeer om elke dag 'n spesiale storietyd te hê, selfs met babas.
- Stories kan tradisionele verhale of familiestories oor ware gebeure wees. Kinders geniet stories oor mense en dinge wat hulle ken.
- Storietyd moet PRET-TYD wees, vol geselsies en vrae.
- Probeer verskillende stemtone en aksies gebruik om die storie te laat lewe.
- As jy 'n storieboek gebruik, maak seker dat die kinders die prente kan sien.
- Laat kinders die boek vashou en omblaai. Hulle mag verkies om dit teen hul eie tempo te doen!
- Verduidelik woorde of idees wat jy vermoed kinders dalk nie verstaan nie.
- Som die storie na die tyd op en vra vrae soos 'hoekom het...?' en 'wat as...?'.
- Dis heeltemal in orde om dieselfde storie oor en oor te vertel. Herhaling is deel van die leerproses.

'Ek wonder hoekom jou toring omgeval het...?'

'Wat het laaskeer gebeur toe jy dit gedoen het?'

## Eenvoudige maniere om die leerproses te ondersteun

- Laat kinders eksperimenteer, nuwe dinge self probeer en probleme self oplos.
- Moedig hulle deurgaans aan.
- Gebruik vrae en kommentaar om kinders te help dink en reflekteer.
- Laat kinders foute maak – dis 'n goeie manier om te leer!
- Help kinders om verbindings te maak tussen die dinge wat hulle ken en dit wat hulle besig is om te leer.
- Probeer kinders tyd gee om klaar te maak waarmee hulle besig is.
- Laat kinders toe om speletjies en aktiwiteite soveel kere te herhaal as wat hulle wil.

'Ek is trots daarop dat jy so hard probeer!'